e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

18 Maart 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 7

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Sosiale netwerke en die Kerk

Die sosiale netwerke op die internet is bronne van beïnvloeding wat die Kerk nie kan ignoreer nie. Netwerke soos Myspace, Twitter, Facebook, Youtube, blogs en ander het letterlik miljoene deelnemers. Die Kerk sal moet kennis neem van wat genoem word die wêreld van die *socialnomics*.

Sommige beskryf hierdie ontwikkeling in sosiale netwerke as die grootste na die industriële rewolusie. Facebook het 100 miljoen gebruikers in minder as nege maande gehad, en dit groei elke dag. Mense *soek* nie meer inligting, dienste of produkte nie, *dit vind hulle* deur die netwerke! Dit is fundamenteel anders as in die verlede. Inligting versprei daagliks en is vinniger en meer akkuraat as gedrukte media en naslaanwerke.

Facebook (FB) is by ons waarskynlik die gewildste sosiale netwerk, omdat dit ook maklik toeganklik vir selfoongebruikers is. En omtrent almal het deesdae 'n selfoon. Gebruikers op FB neem geweldig toe, en die vinnigste groeiende segment op FB is vrouens tussen die ouderdomme 55 en 65. Die sosiale netwerke beskik oor soekfunksies om ou vriende op te spoor, belangstellings en byvoorbeeld bekende persoonlikhede te *volg*. Natuurlik gee dit ook geleentheid tot blootstelling aan verkeerde invloede. Dit geld egter vir alle ander dinge ook, soos sport, verkeerde vriende, gedrukte media en ander. Maar waar is die stem van die gelowiges en die Kerk in hierdie netwerke?

Op FB kan gemeentes se bedieningsgroepe met groot vrug die bladsy-opsie (*page*) gebruik. Verskillende opsies van wie mag inteken, is beskikbaar en word vooraf gestel. Almal wat op 'n FB-blad registreer, kry gratis *pos* op hul eie profiel van alle opmerkings op die blad. Byeenkomste se foto's kan in albums opgelaai word en skakels na ander lidmate se fotoalbums maak dit interessant. Inligting en gemeentenuus, asook daaglikse boodskappies van hoop en bemoediging uit die Woord, kan geplaas word. Skakels na enige ander adresse op die internet kan ook koppel aan die FB-bladsy van die gemeente, en alles *pos* dadelik outomaties na alle ingetekendes op die blad.

By kursusse oor die sosiale netwerke is middeljarige en ouer mense dit eens dat 'n mens jouself so op die hoogte bring van jou kinders se doen en late. So kom 'n mens soms agter iemand het depressie, 'n siekte of 'n ander beproewing. Op die FB- kerkblad kan 'n mens dan positief reageer op vrae en opmerkings sonder om hulle noodwendig te identifiseer. Weet ouers of die Kerk van daardie persoon se depressie of selfmoordgedagtes wat so op FB uitgelek word?

Sosiale netwerke vereis dat die Kerk ook dringend moet kyk na 'n e-etiek! Ons moet egter nie hierdie geleenthede vir positiewe beïnvloeding en getuienis na die wêreld ontken en miskyk nie. Soos Filippense 1: 18 sê: *Maar wat maak dit saak? In elk geval, of dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak, en daaroor is ek bly.*

Ds Theuns Botha, Ottosdal

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Gerrie Senekal** van Lichtenburg na Theresapark
- **Prop Carusta van der Merwe** (beroepafwagtend) na Gobabis

Beroep aanvaar

- **Ds Joseph Steÿn** van die Stella-kombinasie na die Kuruman-kombinasie
- **Ds Jaco Vogel** van Heidelberg na Rooihuiskraal

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Voorbidding word gevra vir die volgende **predikante en lidmate**:

  - Dr Hans Dreyer
  - Ds At Mc Donald
  - Ds Sonia van Wyk
  - Ds Johann Mouton
  - Mnr Manie Dreyer
  - Mnr Kobus Viljoen

- **Dr Frikkie Labuschagne** en sy gesin neem op Sondag 21 Maart afskeid van Gemeente Parys, waar hulle sedert 2000 gewerk het. Hy het die beroep na Gemeente Sasolburg aanvaar.

- **Ds Petri van Rooyen** en sy vrou, Janette, word op Sondag 21 Maart deur die kombinasie Joachim Prinsloo/Ruskoppies ontvang. Hy word by albei gemeentes ontvang en deur die konsulent, ds Hennie van der Linde, in sy amp bevestig.

- **Dr Gert Volschenk,** wat na Nieu-Seeland geëmigreer het, het hom in Whangarei gevestig waar hy reeds 40 tot 50 lidmate bearbei en Sondae vir hulle preek. Daar is 100 lidmate se name in die register, maar die meeste moet nog gesoek en betrek word voordat 'n gemeente gestig kan word. Hy word sterkte toegebid vir die taak.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens:

  - Saterdag 20 Maart: Di Hannelie Botha, André Harmzen en Lou Swanepoel
  - Sondag 21 Maart: Di Heinrich Botha en Paul Jooste
  - Dinsdag 23 Maart: Ds Bernie Sneygans
  - Woensdag 24 Maart: Ds Janine Bevolo-Manders
  - Donderdag 25 Maart: Ds Barnie van der Walt
  - Vrydag 26 Maart: Di Dirk Stoltz en Anton Swanepoel

- By die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) op 11 Maart is die volgende **besluite oor predikante** geneem:

  Predikante uit die amp onthef
  Ds Dédre Oosthuizen (vroeër van Randburg), **ds Johannes Greyling** (vroeër van Erasmia) en **ds Maralize Janse van Rensburg** (Vanderbijlpark) mag nie verder in gemeentes van die Kerk enige predikantswerk doen nie. Hulle word sterkte toegebid.

  Predikante op eie versoek van hul standplase losgemaak
  Ds Kobus Venter (Klerksdorp) en **ds Sanet van der Walt** (Zuurfontein) is weer beroepbaar gestel in die Kerk.

  Aansoek om hertoelating tot die evangeliebediening
  Die aansoek van **mnr Van Rooy van den Berg**, voormalige predikant van die Kerk, is goedgekeur en word verder volgens die Kerkorde hanteer.

Aansoek om mediese ongeskiktheid
Di Faan Visser van Lichtenburg-Oos en **Lou Swanepoel** van Ebenhaézer het aansoek gedoen om medies ongeskik verklaar te word. Albei predikante is geruime tyd reeds siek en word sterkte toegebid.

Aansoek om emeritaataanvaarding
Die aansoeke van die volgende predikante is goedgekeur: **Ds Wimpie Steyn** van Magaliesmoot op 30 April; **dr Kobus Labuschagne** reeds vanaf 30 Januarie; **ds Koos Jansen van Rensburg** van Sasolburg-Suid op 30 Junie; en **ds Johan Smit** op 30 April.

- Die **Kuruman-kombinasie** kon met die hulp van sowat 23 vooggemeentes daartoe oorgaan om 'n predikant te beroep wat hoofsaaklik in die Postmasburg-omgewing gaan werk. **Ds Joseph Steÿn** van die Stella-kombinasie het die beroep aanvaar, tot groot blydskap van die kombinasie. Baie dankie aan die gemeentes wat die volgende twee jaar as voogde sal optree om die bediening moontlik te maak. Dit is 'n besondere gebeure dat soveel gemeentes te midde van eie nood en eie projekte in 'n moeilike tyd die positiewe gesindheid het om na die bedieningsnood van ander gemeentes om te sien.

- Die volgende gemeentes het toestemming verkry om verder van **emeriti as pastorale hulp** gebruik te maak:
  - **Durban-Suid** – prof Bieks Beukes
  - **Bronkhorstspruit** – prof Andries Breytenbach
  - **Setlaars** – prof John Gericke
  - **Vredefort** – dr Gerrie Bloem
  - **Noordrand** – ds Leon Nell

- Die Kommissie van die AKV het toestemming verleen dat **Gemeente Springs** sy standplaas kan wysig na **deelversorging**.

- Die Kommissie van die AKV het goedgekeur dat **prop Andries Scholtz** van die NG Kerk tans die bediening in Gemeente Upington behartig. Hy word van harte verwelkom en bedank vir die werk wat hy daar doen. Hy woon in die omgewing en is beroepafwagtend. Verskeie predikante van die Kerk het al die bediening in gemeentes van die NG Kerk waargeneem. Ds Elmien Snyman het byvoorbeeld vir 'n paar jaar die gemeente Noupoort met groot vrug bearbei en in die pastorie ingewoon.

- **Dirk Taljaard** van Atlanta, Georgia in die VSA, laat weet dat hy betrokke is by 'n interkerklike instelling wat probeer om vier keer per jaar 'n Afrikaanse kerkdiens daar te hou. Sy vrou, Antoinette, is die orrelis. Tans is die prediker wat hulle gebruik in Suid-Afrika vir 'n kontraktydperk van twee jaar (Martin Deacon van die groep Call2All). As 'n prediker na Atlanta toe gaan en bereid is om 'n diens daar te hou, kan hy of sy in verbinding tree met die Taljaards. Kontak hulle by **taljaardd@bellsouth.net**. Daar is gewoonlik tussen 50 en 80 persone by so 'n diens. Daar is gewoonlik nie vergoeding vir die prediker nie, behalwe die kollekte by die diens. Die persoon kan wel by die Taljaards tuisgaan, en hulle sal die vervoer na die diens verskaf.

- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van 'n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning is beskikbaar op die Kerk se webblad.

- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

- Ampsdraers en lidmate word uitgenooi na die **Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) se **Aktualiteitsdag** wat op versoek van die Kommissie van die AKV gereël word. Dit vind plaas op **Dinsdag 27 April** by **Gemeente Montana**. Aktuele sake wat tans in die Kerk onder bespreking is, sal gedebatteer word. 'n Volledige program is op die webwerf beskikbaar. Inskrywingsgeld is R100 per persoon, en sluit verversings en 'n ete in. Registreer asseblief **voor 9 April** by mev Betsie Brits, by 012 420 5393 of **betsie.brits@up.ac.za**. Die bankbesonderhede vir die inbetaling van die registrasiegeld is soos volg: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekening nr 020 149 752, takkode 63 20 05, verwysing 2013K, gevolg deur u voorletters en van.

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** se **posadres** het verander. Die nuwe adres is Posbus 11865, Bendorpark 0713.

- **Gemeente Randburg** bied van **7 tot 9 Mei** 'n **huweliksverrykingsgeleentheid** aan by Zinyala Lodge in Limpopo. Die aanbieder is dr Kobus van Biljon. Kontak ds CJ van Wyk by **cjvwyk@nhk-randburg.co.za** vir meer inligting, of bespreek by **admin@nhk-randburg.co.za**.

- **Versoek: Bydraes vir Bybels.** Die **Afrika Instituut vir Missiologie** (AIM) bied van **16 tot 18 April** 'n **gemeenskaps-projek** aan in die voormalige Wespark-kerkgebou. Die projek vorm deel van die formele leerplan, en beoog om straatkinders en ander verwaarloosde kinders in daardie omgewing te bereik deur 'n naweek te konsentreer op die

4de, 5de en 6de bedes van die Onse Vader. AIM beplan om minstens 100 Bybels oor die naweek te versprei. Lidmate, weldoeners, gemeentes en ringe word versoek om 'n finansiële bydrae te lewer tot die aankoop van die Bybels. Kontak mev Clarika Hattingh (**evangelisasie@nhk.co.za** / 012 322 8885) of mev Sarie Roux (**kassier@nhk.co.za** / 012 322 8885) ten opsigte van die oorbetaling van die geld. AIM se adresbesonderhede is soos volg: Afrika Instituut vir Missiologie, Posbus 2368, Pretoria 0001. Die bankbesonderhede is die volgende: Afrika Instituut vir Missiologie; tjekrekening nommer 40 6187 8535; bankkode 323 145; BIC-kode 335 545; SWIFT-adres ABSA 2AJJ CPT; IBAN-nommer 406 1878 535.

- Daar het ongelukkig foute ingesluip met die verspreiding van die **Maart 2010-uitgawe van *Konteks***. Gemeentes en individuele intekenaars wat nie hul tydskrifte ontvang het nie, moet asseblief in verbinding tree met mev Susann van Zyl van SENTIK, by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of faks 012 322 7906.

- **Gemeente Randburg** se **orrelispos** is vanaf 1 April 2010 vakant. Kontak ds CJ van Wyk by **cjvwyk@nhk-randburg.co.za** of Elna by **admin@nhk-randburg.co.za**.

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook 'n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

- Die **Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV)** het nuwe riglyne ten opsigte van **salarisskale vir kerkorreliste** beskikbaar gestel aan lede van SAKOV. Lede kan hierdie skale vanaf SAKOV se webwerf bekom deur met hul gebruikersnaam en lidnommer in te teken. 'n Aansluitingsvorm indien u kerkraad of orrelis nie reeds 'n lid van SAKOV is nie, is ook op dié webwerf by **www.sakov.org.za** beskikbaar.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- Die naweek van **23 tot 25 April** bied Lindie Gouws van *My World* 'n *Kom in*-konferensie aan vir vroue in samewerking met **Gemeente Gaborone**. Julius Magan sal die lof en aanbidding lei. Kaartjies is P300 of R330. Dit sluit tee/koffie/beskuit en 'n ligte middagete vir Saterdag in, asook ander verrassings. Vrydag 18:00 tot 21:30, Saterdag 09:00 tot 16:00, en Sondag erediens. Vir navrae en besprekings, kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499.

- Die **NHSV-hoofbestuur se Feeskonsert** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** om 14:00 in die kerksaal van Gemeente Schoemansdal. Die volgende Hervormde kunstenaars tree op ter viering van die 70ste bestaansjaar van die NHSV: Kevin Leo; Thinus van Staden en sy groep; Franco en Ingemari Loots; Hannes Retief; Oorwinningskinders met Jaco, Rianda, Rozelda en Leon Fourie; Henry van Dyk; en die gewilde groep La Diva. Die koste is R60 per persoon en sluit verversings in. Die opbrengs van die konsert is ten bate van die **NHSV se Armoedefonds**. Kaartjies is by die NHSV-kantoor beskikbaar, telefoonnommer 012 325 0117. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

Kampe en toere

- **Via Dolorosa – Paasnaweek 2010 (1 tot 5 April 2010).** Kom deel as gesin in die herdenking van die simboliese kruisiging en opstanding van Jesus Christus. **Selfsorg-kampering** op die plaas Silwerstroom in **Mpumalanga** (geleë tussen Machadodorp, Lydenburg en Belfast) teen R250 per persoon. Kinders tussen 2 en 6 jaar betaal R125. Dagbesoekers kan ook aan die verrigtinge deelneem en betaal R40 per persoon. Eredienste gedurende die naweek word gelei deur ds Jaco Vogel. Vir navrae/besprekings, skakel Christo by 082 554 9653, Annelie by 082 415 2602, of Bernadette by 082 923 7531.

- Daar is **nog enkele plekke** beskikbaar vir die toer na die **2010 Passiespel**. Beleef Rome, Oberammergau en die Passiespel, die Swartwoud, Switserland en Parys vir R32 500. Of beleef die Passiespel (sonder Rome) na Parys vir R30 000. Alle lug-en landreëlings, oornag en 2 etes per dag, lughawebelasting en toegangsgelde ingesluit. Skakel ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 dadelik om plek te bevestig.

- **Gemeente Gaborone** in Botswana bied van **31 Mei tot 5 Junie** 'n **vliegsafari aan.** Die projek het verlede jaar 'n groot wins getoon en word vanjaar nog groter aangebied. Kontak Rudie de Wet by **rudie@dewetdrilling.co.bw** of +267 713 00166, Guillaume Knipe by +267 713 00646 of **gknipe@work.co.bw**, of Jan de Wet +267 713 00168 vir meer inligting.

- 'n **Toer** van agt dae word **na Israel** onderneem van **31 Mei tot 7 Junie 2010**. Maak hierdie onvergeetlike leerervaring mee! Vyfsterakkommodasie en -versorging. Toerprys R19 000 alles insluitend. Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

- In 1986 het **prof Malan Nel** die eerste studietoer met 49 predikante na die VSA onderneem. Die toer van **15 November tot 17 Desember 2010** is nommer 9 onder sy leiding. Besoeke word gebring aan 21 plaaslike gemeentes en 6 teologiese seminaria. Luister na die insette en perspektiewe van 14 teologiese leiers. Skryf aan **m.mcnel@mwebbiz.co.za** vir meer inligting.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg** in Fochville bied ’n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuise, kinderhuise, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50**. ’n Blouwildebees, ’n blesbok, ’n lam, ’n vark en 4 kg biltong. Inskrywings kan gedoen word deur die gemeentelike kerkkantoor te skakel by 018 771 2617, u kaartjie te bespreek, die vraag te beantwoord, en dan u geld deur die internet te betaal en die bewys na dieselfde nommer te faks. Die **vraag** is: *Waarvoor word die fondse aangewend?* Trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die Biltongaand. Rekeningnaam Ned Herv Kerk van Afrika Gemeente Losberg Rekening 2; rekeningnommer 4075270375; bank ABSA; verwysing Jagnr... (kaartjienommer).

- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die basaar op 28 Mei. ’n Replika van ’n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op ’n skaal van 1:14, is aan die gemeente geskenk. U koop ’n kaartjie teen R10 en maak dan ’n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). U kan die kaartjie bespreek by die gemeentelike kerkkantoor (018 771 2617) en u aanbod maak, die geld deur die internet betaal en die bewys faks na dieselfde nommer. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**. Rekeningnaam: Ned Herv Kerk van Afrika Gemeente Losberg Rekening 2; rekeningnommer 4075270375; bank ABSA; verwysing Chevnr... (kaartjienommer).

- **Gemeente Randburg** laat weet dat hul kompetisie vir ’n bootreis verlede jaar gewen is deur iemand wat op die advertensie in die *e-Hervormer* gereageer het! As deel van die gemeente se jaarlikse basaar (5 Junie 2010), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle nou die volgende kompetisie: **Wen ’n vakansie vir twee na Egipte.** Die prys sluit in: retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies van Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen ’n donasie van R100 by 011 787 4983, of by **admin@nhk-randburg.co.za** of **elna@nhk-randburg.co.za**.

- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan ’n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

Basaars en markte

- **Gemeente Waterberg** hou ’n **Arabiese basaar** op **Vrydag 26 en Saterdag 27 Maart**. Almal is welkom om saam te kuier. Kosstalletjies, gebak en speletjies vir die kinders, skyfskiet, ensovoorts. Kamele om op te ry, 8 buikdansers wat Vrydagaand optree – dit gaan ’n basaar wees wat nie gou vergeet sal word nie! Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355 vir meer inligting.

- **Gemeente Vaalharts** hou op **Saterdag 1 Mei Kontreifees** op die sportgronde van Hoërskool Hartswater. Daar gaan fietswedrenne wees, rugby, uitstallings en vele meer. Kontak Riaan Esterhuizen by 053 474 0289 of 082 453 6889 vir meer inligting.

- Die **Kuruman-kombinasie** bied op **Saterdag 29 Mei** om 09:00 die **Kameeldoring-karnaval** aan. Bok van Blerk tree op as gaskunstenaar, en toegang is gratis. Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars gaan ook optree. Hulle het ook ’n groot **kompetisie** teen slegs R100 per kaartjie. Die 1ste prys is ’n gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8. Die 2de prys is ’n 1975 Mercedes Benz 240D. Die 3de prys is ’n vleispakket bestaande uit ’n slagbees, slagskaap en ’n gemsbok. Die 4de prys is ’n week lange vakansie in Umdloti van 16 tot 23 Julie. Daar sal rou vleis verkoop word teen billike pryse, en daar sal allerhande lekkernye wees om aan te smul. Hulle beplan ook ’n veiling met kwaliteit artikels. Vir meer inligting, kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266.

- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul **Safarikarnaval** op **Saterdag 5 Junie**. Waar gaan jy meer boeregasvryheid, mooier Bosveld-natuurskoon en ’n lekkerder plaasatmosfeer kry as in Groot Marico? Hulle vra: *Kom kuier sommer die hele naweek by ons en kom geniet sommer net die samesyn.* Toegang is gratis en daar is volop parkering. Die gaskunstenaar, Thys die Bosveldklong, gaan sorg vir die vermaak. Koop pragtige kunswerke en antieke meubels op

die veiling, eet pap en kaiings soos in die ou dae, vul sommer die vrieskas aan met keur vleissnitte (uiters goeie pryse), om nie te praat nie van die konfyte en ander ingelegde produkte. Rig navrae aan ds Willem Sauer by 079 699 1237, of besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**.

- **Gemeente Ventersdorp** hou op **Saterdag 4 September** basaar. Vir die eerste keer gaan hulle ook **pretritte met veteraanmotors** aanbied. Daar is geen inskrywingsfooi nie maar wel goeie pryse te wen. Enigeen wat die gemeente finansieel wil ondersteun of aan 'n pretrit wil deelneem, kan Mario Röscher kontak by 083 566 4351.

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad in Vanderbijlpark** het voor 1 April 2010 die volgende meubels nodig om 'n kantoor vir 'n nuwe maatskaplike werker toe te rus:

  - Lessenaar
  - Boekrak
  - Lessenaarstoel
  - Twee stoele vir kliënte
  - 2 liasseerkabinette

  Kontak Susan Warrington by 016 981 4099.

- Die **Wêreld-Natuurfonds** (WWF) doen 'n beroep om alle Suid-Afrikaners om op **Saterdag 27 Maart van 20:30 tot 21:30** alle ligte af te skakel as 'n simboliese daad om aan leiers te wys dat ons NOU oor klimaatsverandering moet besin. Meer inligting oor *Earth Hour 2010* kan van 021 888 2800 bekom word.

- Die **Nuwe Hart Stig**ting wil 'n bydrae lewer om moraliteitsherstel in Suid-Afrika teweeg te bring, en bied 'n geleentheid aan in samewerking met die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch. Die konferensie vind in **Krugersdorp** plaas van **21 tot 23 April**. Skakel Drienie by 011 665 2017, of registreer aanlyn by die webwerf **www.nuwehart.com**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 19 Maart: Dagbestuur van die ADV
  - Woensdag 24 Maart: Bestuur van Die Ondersteuningsraad
  - Donderdag 25 Maart: Redaksie van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*; en Direksie van die Monumenttehuise

KOMMENTAAR

"Baie dankie vir die voorbladartikel van dr Gerhard Lindeque verlede week. Veral die laaste paragraaf rakende die ondersoek oor *saamwoon* is vir my vertroostend, omdat dit soms vanweë oningeligte of verkeerde interpretasies in die media lyk asof die Kerk (en ons as Christene) onseker is oor die egtheid en doel van die huwelik. Dit is, vir my persoonlik, goed om te weet dat ons kerkleiers steeds weet wat die *God van die Bybel* van ons verwag, veral in tye waarin soveel dinge rondom ons na chaos voel en lyk."

Mev Christel Botes, NGK Merweville

"Asseblief nie om 'n debat te begin nie! Maar ek stem glad nie saam met Len Loader nie. Gebruik die Kerk se media om vinnig en doeltreffend regstellings in die *Almanak* te maak – almal lees dit. Om 'n skakel op die webwerf te maak of briewe uit te stuur, is die volgende stap, maar gaan beslis minder doeltreffend wees.

Dankie vir die *e-Hervormer*. Dankie vir die harde werk agter die skerms!"

Gerrie Senekal, Lichtenburg

"Hierdie is 'n saak wat ek al lank op die hart het, maar ek het tot nog toe nie werklik daarvan werk gemaak nie en ek is jammer daaroor. Toe ek in die *e-Hervormer* lees dat prof Ben Engelbrecht siek is, het dit my wakker laat skrik. Ek wat maar

’n nietige, afgetrede ou domineetjie is, wil graag namens so baie van ons, waarskynlik almal van ons, hulde bring aan die professore wat oor die jare hul lewens daaraan gewy het om die kerk van die Here te dien deur predikante te onderrig, te vorm en in die wondere van die Woord in te lei. Hulle het dit altyd op ’n akademies konstruktiewe manier gedoen, maar daar was soveel meer in hul dienswerk!

Ons kon hulle as rolmodelle neem en ons eie dienswerk op hul voorbeeld skoei. Hulle het ’n waardigheid uitgestraal, asook ’n liefde vir God en God se Woord. Hulle het ons geleer om respek vir die Woord te hê, en daarmee saam liefde vir die God van die Woord en vir die Woord van God.

Vir my en baie kollegas was dit ’n voorreg om onder hulle te studeer, om as’t ware aan hul voete te sit en leer. Ons herinneringe aan ons professore is vir ons kosbaar! En noudat prof Ben siek is, wil ek net sê ek bid met liefde, deernis en toewyding vir hom en sy geliefdes, want wat hy vir my en ander beteken het, kan seker nooit onder voldoende woorde gebring word nie.

Van daardie professore van ons is al oorlede, ander al oud en moontlik verswak, en nou eers dink ek daaraan om vir hulle dankie te sê. Ek wil dit wat ek vroeër nagelaat het, hiermee in die reine probeer bring. Ek dank die Here vir hulle wat ons op so ’n besondere wyse voorgegaan het. Een van die dinge wat ek by professore soos prof Ben, prof Frans van Zyl, prof Piet Dreyer en ook ander kon leer, is om so te preek dat almal, ook die kinders, jou kan verstaan en dit wat jy vir hulle uit die Woord bring hul eie kan maak van kleins af. Hulle het die genade, die gawe en die vermoë gehad om groot en moeilike teologiese waarhede op so ’n wyse te verkondig dat ’n mens hulle kon verstaan. Daar was ongelukkig ook goeie professore wat baie *akademies* kon preek, sodat baie van ons hulle nie kon verstaan nie. Maar prof Ben kon byvoorbeeld dinge met eenvoudige taal duidelik verkondig! In hierdie opsig was hy een van die reuse in ons Kerk en in die teologiese wêreld. Sy uitgangspunt was verseker dat as die kinders jou kan verstaan, dan kan die grootmense en ook die geleerdes dit verstaan!

Prof Ben se oë was al lankal ’n probleem en ek dink hy kan nie lees wat ek hier sê nie. Sal iemand naby aan hom tog asseblief hierdie brief voorlees vir hom sodat hy kan weet daar is groot waardering vir hom en sy werk, asook vir hom as persoon en mentor? Prof Ben, ons is lief vir jou, mag die Here jou elke dag in sy groot genade dra en sterk en jou uiteindelik in sy Hemelse Heerlikheid opneem.

Ek rig hierdie ook aan ons ander professore. Mag elkeen van hulle ook die onderskeidingsvermoë hê dat akademie en geloof, akademie en *Agape* altyd hand aan hand moet gaan, anders het die akademie nie die waarde wat dit behoort te hê nie. Mag die eer van die Here in al jul werk absolute prioriteit geniet, anders, wat word van die geloof? En vir ons huidige professore en dosente, ook hulle in die grondtale en ander vakke, ons bid vir julle almal en ons dank die Here dat Hy julle gebruik in sy diens. Ons waardering ook vir julle almal!”

Ds Dirk Stoltz, Emeritus

ADVERTENSIES

Skuldberading en mediasie. Dreig skuldeisers? Wil skuldeisers op jou bates beslag lê? Veroorsaak skuld slapelose nagte? Dreig jou skuld om jou gesinslewe te beïnvloed? LAAT PDS SE KONSULTANTE JOU HELP. Ons sal reël dat jou skuld gevries word. Ons kan onderhandel met jou krediteure. Ons herstuktureer jou terugbetalings. Jy betaal slegs een bedrag maandeliks. Al jou krediteure word maandeliks betaal. Kontak **PDS Professional Debt Solutions** vroeër eerder as later as skuld jou bedreig. Kontak Dawid Beukes of Paul Beukes by tel 021 948 6517, faks 021 948 6518, 082 779 1317 (Dawid) / 083 440 7885 (Paul), of **info@pdsconsultants.co.za**.

Johan Spangenberg van Darling kan gemeentes help wat probleme met hul **kerkhorlosies** ondervind. Hy beskik oor wye ervaring. Gemeentes kan hom kontak by **johan@steepleclocks.com**. Besoek **www.steepleclocks.com** vir meer inligting.

******* Advertensies waarin ’n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by faksnommer 086 630 5153 of **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020-000-287; takkode 632-005; **verwysing: SENTIK Ads.**

Webwerwe van ons publikasies

Besoek ons by
www.konteks.co.za
en
www.hervormer.co.za

Lees proe-proe, en teken dan in by **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx